
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411 -
Website address: www.stangerchristiancentre.co.za

"WAT Sê DIE MENSE – WIE IS EK?"

En sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat Sy volk van hulle sondes sal verlos. En dit het alles gebeur, sodat die word vervul sou word wat die Here deur die profeet gespreek het: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en hulle sal Hom Emmanuel noem, dit is, as dit vertaal word: God met ons. (Matt. 1:21 - 23)

Die Christen van ons tyd is in 'n bevoorregte posisie want hy het die Nuwe Testament wat vir hom duidelik en seker verklaar dat Jesus, die Christus, God gemnifesteer in die vlees, gekom het as die Messias, die Verlosser van die mens. **Kol. 2:9: Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik**— en dit kan nie vergeestelik word nie.

Maar vir die mense van Sy tyd, en selfs vir Sy dissipels, was Sy identiteit nie onmiddellik 'n uitgemaakte saak nie. Hy het op 'n mees nederige wyse in hulle midde gekom en dit aan hulle oorgelaat om Sy goddelikheid vas te stel. Dit het natuurlik gelei tot baie passing, en dit was in die pragtige dorpie van Sesarea-Filippi waar Jesus Sy volgelinge openlik gekonfronteer het met die vraag: **Wie sê die mense is die seun van die mens. (Matt. 16:13).** Die dissipels het hom ingelig: **Party sê Johannes die Doper, party Jeremia of een van die profete.**

Maar Jesus was nie 'n re-inkarnasie nie. Hy was en is die Inkarnasie. Toe trek die Here die lyn deur tot by die dissipels self, en vra: **Maar julle, wie, sê julle, is Ek? (vers 15)** Simon Petrus wat optree as segsman van die twaalf, antwoord: **U IS DIE CHRISTUS, die Seun van die Lewende God**! **(vers 16)**

Laat ons vir interessantheidshalwe die getuienis nagaan wat tot ons beskikking is wat bewys en waarborg dat ons met die ware Messias te make het. Daar is vyf toetse wat ons kan aanwend.

Die stamboom-toets

Was Jesus uit die regte geslagslyn gebore? Ja! Hy was! Hy moet uit Eva se geslagslyn kom, en Hy het!

Ek stel vyandskap tussen jou (die slang) en die vrou, TUSSEN JOU NAGESLAG EN HAAR NAGESLAG. Haar nageslag sal jou kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt. (Gen. 3:15)

Hy moet uit Abraham se geslagslyn kom, nie Lot s'n nie, en Hy het! Nadat Lot van Abraham af weg is, het die Here vir Abraham gesê: **Ek sal jou nageslag so baie maak soos die stof van die aarde (Gen. 13:14-16)**

God het Sy beloftes aan Abraham en aan sy nakomelinge gegee. Daar staan nie "aan nakomelinge" meer as een nie, maar: "en aan jou nakomeling" net een, en hierdie nakomeling is Christus (Gal 3:16).

Hy moes uit Jakob se geslagslyn kom, nie Esau nie, en Hy het! **Daar kom 'n Ster uit Jakob, daar staan 'n Heerser uit Israel op ..... Een uit Jakob sal heers .... (Num. 24:17-19)**

Hy moes uit Dawid se geslagslyn kom, nie Saul s'n nie, en Hy het! **Iemand uit die huis van Dawid sal altyd op die troon van Israel sit (Jer. 33:17) Josef het tot die huis en geslag van Dawid behoort (Luk. 2:4)**

So sien ons dat Jesus die *stamboom – toets* slaag. Hy het van die regte geslagslyn gekom.

Die kronologiese-toets

Was Jesus op die regte tyd gebore? Ja! Hy was!

Bybelse profesieë het 'n tydperk in die wêreldgeskiedenis aangewys waartydens die Messias sou verskyn. Luister na die profesie: **Jy moet nou goed verstaan, vandat die opdrag gegee is dat Jerusalem herstel en herbou moet word, totdat 'n Regeerder** (Gesalfde – ou vertaling) **kom wat deur God uitverkies is, sal sewe tydperke wees. Aan die einde van die twee-en-sestig tydperke sal 'n Regeerder** (Gesalfde) **onskuldig dood gemaak word. Die stad en die heiligdom sal verwoes word deur die volk van 'n ander regeerder** (vors) **(Dan. 9:25-26)**

Geskiedkundiges het hierdie tye met hulle

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Wat sê die mense….)
berekeninge bevestig. Die edik, vir die herbou van Jerusalem was in 445 v.C. uitgevaardig. Die regeerder wat sou kom was Titus, die Romeinse generaal wat in 70 n.C. na 'n uitgerekte en vreeslike belegging, dramaties beskrywe deur die Joodse geskiedskrywer Josefus, Jerusalem en al die ander ruïnes van heiligdomme gesien het. Bybelse profesieë het dus aangedui dat die Messias gebore sou word tussen 445 v.C. en 70 n.C. Hy, Jesus Christus, was gebore! So sien ons dat Hy die *kronologiese-toets* slaag. Hy was gebore op die regte tyd!

Die Geografiese-toets

Was Jesus op die regte plek gebore? Ja! Hy was!

Bybelse profesieë het 'n spesifieke plek op die aardbol aangewys waar Hy moes gebore word. **Maar jy, Bethlehem – Efrata, jy is klein onder die families in Juda, maar uit jou sal daar iemand kom wat aan My behoort en Hy sal in Israel regeer (Miga 5:1)**

Jesus is in Bethlehem in Judea gebore (Matt 2:1)

Die Ginekologiese-toets

Was Jesus op die regte wyse gebore? Hierdie is die strengste toets van almal.

Die profeet het op 'n eerbiedige wyse maar tog op 'n glorieryke wys gesê: **'n Jong vrou (maagd) sal swanger word, en 'n seun in die wêreld bring en jy sal Hom Immanuel noem.** (Jes. 7:14) Het dit so gebeur? Die antwoord is in die Nuwe Testament:

Hier volg nou die geskiedenis van die geboorte van Jesus Christus. Toe Sy moeder Maria en Josef verloof, was nog voor hulle getroud was (voordat hulle saamgekom het), het dit geblyk dat sy swanger is. Die swangerskap het van die Heilige Gees gekom (Matt 1:18)

In die sesde maand van Elisabet se swangerskap het God die engel Gabriël gestuur na 'n maagd in Nasaret, 'n dorp in Galilea. Sy was verloof aan Josef, 'n man uit die geslag van Dawid. Die naam van die maagd was Maria. (Luk 1:26-27)

Dit is noodsaaklik dat die Christelike leerstelling van Jesus se Maagdelike Geboorte aanvaar moet word; hoe sou ons andersins die wyse kan verklaar waarop 'n bonatuurlike wese die menslike ras kon binnedring?

En hoe het Sy wonderbare geboorte plaasgevind? Nie deur die reinheid van die maagd nie – dit ontken sy self in Luk 1:48 – maar deur die direkte betrokkenheid van die Heilige Gees in die ontvangs van die Kind. Die geboorte self was heeltemal normaal; dit was die konsepsie wat 'n wonderwerk was.

Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God. (Luk. 1:35)

Ja, die Here Jesus Christus slaag die *ginekologiese-toets* een honderd persent.

Die Christologiese-toets

Wat het onse Here Self geglo van Sy eie identiteit? Hoe het Hy Homself gesien? Kom ons laat twee voorvalle in die Nuwe Testament vir ons die antwoord gee.

Eerstens: Dit is om by die twaalfuur middag in Israel. Die son is hoog en baie warm. Jesus sit op die rand van 'n put by Sigar. 'n Vrou kom nader gestap. Sy dra 'n waterkruik. Sy kom na die put om water te skep.

Hulle begin gesels en sagkens raak die Verlosser aan 'n kwes-plek in haar morele lewe. Om haar verleentheid te verberg, verander sy die onderwerp en begin oor teologie te praat. Soos hulle verder gesels onthul onse Here aan hierdie sondige siel van die mees aangrypendste waarhede oor die Here.

Vroom merk die vrou op: **Ek weet dat die Messias kom, Hy wat ook die Christus genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy alles aan ons bekend maak (Joh. 4:25)**

Nou trek Jesus die sluier weg en sê: **Dit is Ek wat met jou praat. (vers 26)**

Tweedens: Die toneel speel af in die paleis van die hoëpriester in Jerusalem. Dit is nag, en onse Here was blootgestel aan 'n haastige en onwettige verhoor deur Kajafas en sy raad. Hulle is oorywerig om Hom 'n kriminele stelling te laat maak sodat hulle 'n rede kan hê om Hom tot die dood te veroordeel. Valse getuies is al ingeroep, maar hulle was onbetroubaar in hulle feite. In die aangesig van hulle onwaarhede en leun-aanklagtes handhaaf Jesus 'n waardige stilte.

Die tyd stap aan en Kajafas besef hy moet hierdie hele saak spoedig voltrek anders mag dit op 'n mislukking uitloop. Hy neem 'n dramatiese houding in en roep luid oor die vol gepakte hof: **Is jy die Christus, die Seun van Hom aan wie die lof toekom?**

Jesus antwoord: Ek is. (Mark 14:61-62)

Hy slaag die *Christologiese-toets*. Hy bevestig dat Hy die Messias is, **die Koning van alle konings, en die Here van alle heersers**. (Openb. 19:16)

Is HY KONING VAN JOU LEWE, KEN JY HOM AS JOU VERLOSSER EN HERE? Want diegene wat Hom nie ken en dien as hulle God, Koning, Verlosser, Geneesheer en Here nie, *is oppad na 'n ewige dood.*

Om die verwarring oor titels en name te oorkom stel ek voor dat u ons boeke lees "Is Jy Gereed?" en "Wat is die Naam van Jou God?"

Maar die GOEIE NUUS is dat Jesus Christus ook vir jou gebore is en aan die Kruis op Golgota gesterf het en dat JY, NOU Sy Naam kan aanroep jou rug keer op sonde, en die Ewige Lewe beërwe. **Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy Naam glo. Joh. 1:12**.

Maak die belangrike besluit vandag om Jesus Christus as Here en Verlosser aan te neem! Om Hom te volg en gehoorsaam aan Sy opdragte te wees. Dien Hom elke dag en aanbied Hom elke dag, en jy sal Sy seëninge wat Hy in Sy Woord belowe, daagliks ervaar. Wat sê die mense - wie is Ek? En

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2....Wat sê die mense...)
dieselfde vraag is vandag deur Jesus aan jou gestel – Wie sê JY – wie is Ek? Hy is inderdaad die Koning van alle Konings en die Here van alle Heersers. □

"...Maak die belangrike besluit vandag om Jesus Christus as Here en Verlosser aan te neem! Om Hom te volg en gehoorsaam aan Sy opdragte te wees. Dien Hom elke dag en aanbied Hom elke dag, en jy sal Sy seëninge wat Hy in Sy Woord belowe, daagliks ervaar..."

DIE DOEL VAN JESUS SE GEBOORTE

As ons wil vasstel waarom Jesus gebore was, kyk ons na die Skrif. Die Woord van die Here is duidelik oor hierdie groot gebeurtenis wat plaasgevind het, hoekom Jesus, die Hemel moes verlaat en aarde toe kom. "God" is 'n titel wat alle mag verteenwoordig, en nie 'n naam nie.

<u>Eerstens</u>: Joh. 3:16: Want so LIEF het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, MAAR DIE EWIGE LEWE KAN Hê.

Jesus moes gebore word om Sy groot liefde aan die wêreld (dis ek en jy) te vertoon. Die Here het vlees geword om Sy karakter vir altyd aan die mens te openbaar. Die mens was vir ewig van die Here geskei as gevolg van sonde, en kon homself nie red nie. Ons het 'n redder en Saligmaker nodig gehad, en Jesus was gebore om versoening te bring en om bewys dat as mens al sy gebooie en insettinge gehandhaaf was.

<u>Tweedens</u>: Joh. 10:10: ..... Ek het gekom, dat julle LEWE EN OORVLOED KAN Hê.

Hy was gebore om ons lewe en lewe in oorvloed te kon gee. Oorvloedige lewe beteken voorsiening in al ons fisiese en geestelike behoeftes.

Luk: 4:18-19: Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees; om aan gevangenis vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig. I Pet. 2:24: Wat self ons sondes in Sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is.

Oorvloedige lewe omhels, genesing in alle opsigte van die mens. Verlossing van diep gewortelde hartseer, onvergewensgesindheid, vrees en angs, Genesing van alle siektes en kwale. **Fil. 4:19: En my God sal elke behoefte van julle vervul na Sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus.**

Voorsiening in al ons behoeftes is deel van die oorbloedige lewe wat Jesus gee. Ons Here sê dat Hy weet wat ons nodig het lank voordat ons vra, en Hy is in staat, om in alle omstandige te onderneem as ons Hom nader in Jesus se Naam.

<u>Derdens</u>: En die Seun van God het juis gekom om DIE WERK VAN DIE DUIWEL TOT NIET

(Vervolg op Bl. 4)

(Vervolg vanaf Bl. 3 - Die doel van Jesus se geboorte…)

TE MAAK. I Joh. 3:8.

Hy het die bose magte ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes IN DIE TRIOMFTOG VAN CHRISTUS MEE TE VOER. Kol. 2:15. Volgens hierdie skrifverse, het Jesus die werke van die duiwel *tot niet gemaak,* hom *ontwapen* en oor hom *getriomfeer.* Sedert Satan se werke *vernietig* is, hy *ontwapen* is en oor hom *getriomfeer* is, is hy 'n OORWONNE VYAND. Jesus se triomf was ons triomf. Sy oorwinning was ons oorwinning. Hy het niks vir Homself gedoen nie – Hy het alles vir ons gedoen! Hy het Satan vir ons verslaan. Hy het hom vir ons ontwapen. Hy het oor sy werke vir ons getriomfeer. Hy het vir ons oorwin! Nou gee Hy vir ons die gelowiges (Sy kerk – die Liggaam van Christus) die gesag om werke wat Hy gedoen het, ook in Sy Naam te doen, nl. Duiwels uitdryf en siekes te genees.

Mark. 16:15-18: En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en laat hom doop sal gered word; maar hy wat nie glo nie sal veroordeel word. En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit geen kwaad doen nie; (die werke van satan) op siekes sal hulle die hande lê en hulle sal gesond word.

Jesus was gebore om ons die gesag te gee om Sy Naam te gebruik om in oorwinning te kan leef oor al die duiwelse aanvalle — as julle Sy gebooie en insettinge hou.

Vierdens: **Openb. 19:7: Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou (bruid) het haar gereed gemaak.**

Die finale doel waarom Jesus gebore was, was om 'n bruid hier op aarde te stig. 'n Bruid wat vir ewig by Hom sal wees. Hy is die Bruidegom, en Sy Bruid bestaan uit Sy Liggaam (die Kerk), bloedgewaste kinders. Die wat Hom aangeneem het en wat hulle gereed gemaak het terwyl Jesus in die Hemel was om vir ons 'n plek voortbrei, diè kom Hy haal. Die Bruid verwag haar Bruidegom se koms, Jesus se belofte om ons te kom haal, lees ons in **I Thess. 4:17: Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.** Lees ons boek "Is Jy Gereed?".

Al hierdie doele kon Jesus ons Messias alleen vervul omdat Hy sondeloos was, en as die volmaakte lewende offer, as Sy bloed en liggaam voldoende om die prys te betaal. Ons loof en prys ons Here vir Sy wonderlike gawe, en ons dank Hom vir Sy geboorte.



Ons God van wonderwerke

Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Graag wil ek getuig van my drie kleindogters, vir wie u ook onderskeidelik gebid het. Die een dogter het 'n lui oog gehad wat soms na binne gedraai het, die ander dogter se oogsenuwees het nie gefunksioneer nie en sy moes haar kop gereeld links draai omdat die oog nie links kon draai nie. Die ander dogter is gebore met 'n geboorte merk aan die eenkant van haar gesig en het altyd voorgekom asof haar gesig vuil was aan die eenkant. Hulle is al drie nou twintig jaar oud en die lui oog het net reggetrek, sonder hulp van 'n oogarts. Die ander dogter het 'n geringe operasie ondergaan. Al die vorige oogartse het bevestig dat sy gebore was sonder 'n oogspier aan die linker oog. Hierdie sekere arts het my dogter op die x-straalfoto gewys dat daar wel 'n oogspier was. (Dit was net 'n wonderwerk van die Here, want al die vorige oogartse was eenstemming oor die afwesige spier. Sy kan nou haar oog draai en lyk pragtig. Die een met die geboortevlek het my vertel dat die plek aan haat wang al so verdof het en ek kon dit nie meer waarneem toe ek haar sien nie. Dus, het die groot Geneesheer hul al drie genees. Baie dankie vir u gebede en al die lof aan Jesus.

Mavis Kruger, Randfontein (September 2010)

Ek het op 9 Julie 2010 aan u 'n brief gestuur waarin ek 'n versoek gerig het om vir my en my man Tom te bid vir sy werksomstandighede en gesondheid. Ek wil net met hierdie briefie vir u dankie sê dat u vir ons gebid het. Tom se gesondheid het baie verbeter. Die hoofpyne het ook verminder, dit is feitlik heeltemal weg. Dit is wonderlike. By die werk het die Here vir hom 'n deurbraak gegee en hy het alreeds 3 aanbiedinge geskryf waarvan een eersdaags gaan registreer. Graag wil ons ook vra dat u die Vader saam met ons sal loof vir sy goedheid. Abba Vader is baie goed vir ons. Baie dankie

Tom en Estie, Bloemfontein (Oktober 2010)

I greet you in the wonderful name of Jesus. Thank you for answered prayer. You prayed for my niece Liezle's baby who was underweight during pregnancy. Praise God, she gave birth to a healthy baby girl, Madison, weighing 3.1kg. May God richly bless you.

Theresa Blanker, Philadelphia (September 2010)

Ek het 'n baie seer heup oor gehou van gordelroos wat ontsettend seer was, dag en nag. Ek het gebel vir gebed, en is onmiddellik genees. Alle lof, eer en aanbidding aan Jesus ons geneesheer, wat gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde is. Ek sal julle ewig dankbaar wees dat julle altyd daar is vir ons, en saam met ons in gebed kan saamstem. Dankie ook dat julle vir my suster in Christus gebid het. Sy is ook genees. Alle lof, eer en aanbidding aan ons Heer en Meester.

Mev J Coetzer, Bloemfontein (Oktober 2010)

Hiermee wil ek die Here loof en prys en uit die diepte van my hart bedank vir julle gebede en die gawe van genesing wat uit julle bediening vloei. Ek het in September geskakel vir genesing vir my knie. been en heup wat beskadig was en geweldige pyn veroorsaak het. Al die verskillende medikasies het net tydelike verligting gebring, tot ek myself tot u gewend het. Self het ek gebid en satan bestraf, maar met julle help het die deurslag gekom en is die pyn weg en my been genees. Die Here is getrou en goed. Hy laat ons nooit in die steek nie en is altyd daar as ons gehoorsaam is aan Sy roepstem. Seën groete.

Mnr B Koen, Kaapstad (Oktober 2010)

Wees gegroet in die wonderlike naam van die Here Jesus Christus wat vir ons oorvloedige lewe skenk. Vandag wil ek graag getuig van die Here se goedheid oor ons. Verlede jaar Augustus 2009 het ek aan U ‘n gebedsversoek gerig vir voorbidding vir my vader wat suikersiekte gehad het en wie se been die dokters wou geamputeer het, asook vir my seun wat epileptiese aanvalle skielik begin kry het. Glory be to God, al twee bogenoemde gebedsversoeke is beantwoord. My vader is gesond asook die been is gesond en is nie geamputeer nie. Daar is geen teken meer van epilepsie by my seuntjie nie en hy het baie goed gedoen in sy eksamens. Waarlik ons hulp is net ‘n gebed verder en God is vir ons ‘n hulp in benoudhede. Ek loof die Almagtige Vader vir julle se lewens. Mag Hy julle meer bevoeg maak om instrumente in Sy hande te wees om Sy Koninkryk hier op aarde te bevorder. Baie dankie nogmaals vir die voorbidding, dit dra vrugte. Ons bid vir julle en is lief vir julle met die liefde van die Here.

Mev Johnson, Durban (Augustus 2010)

Baie dankie vir die geseënde leesstof “Geloof in die Woord”. Ek sien elke maand uit daarna, ek geniet dit baie. Ek het ‘n paar jaar gelede gevra vir voorbidding. Julle het gebid en ons Hemelse Vader het my volmaak genees van depressie. Ek loof en dank ons Liewe Heer nog elke dag. Hy is ons Verlosser. Baie dankie!! Liefde groete.

Mev E van Zyl, Johannesburg (September 2010)

Ek het gebel en Dr James het vir my gebid. Ek moes gaan vir ‘n rugoperasie, maar het daarteen besluit. My rug en heupe het verskriklik gepyn asook my bene. Na ‘n paar weke het ek net een oggend opgestaan en gevoel al die pyn is weg. Dit is nou al ‘n paar maande dat ek heeltemal gesond is, en vrylik kan beweeg sonder enige pyn. Ek gee die Here al die lof en eer! Groete in Jesus Naam.

Mev K Slabbert, Caledon (Augustus 2010)

Vandag skryf ek hierdie getuienis met ‘n dankbare hart teenoor ons God wat lewe en wat se wonderwerke, goedheid, genade, liefde, trou en welwillendheid nooit ophou teenoor ons wat Sy kinders is nie. Die dokter het die 10de April vermoed dit het ook so gelyk op die x-strale of Cynthia been kanker het, maar as ek hier skryf huil ek van blydskap want God leef en Hy is Groot en Goed. Daar is na biopsie, bloedtoetse na alles danksy Sy goedheid geen, maar geen teken van kankerselle in haar liggaam gevind nie. Prys God!! Hulle tweede bevinding was ‘n baie ernstige infeksie, maar weereens het God groot genade en wonderwerke laat belewe toe hulle haar opereer die tweede maal het hulle die hele ding wat om haar been was gesny en daarin was ook nie infeksie, dit was ‘n groot ding om haar been, dit is nou heeltemal verwyder maar glo my deur God se genade en goedheid was daar geen teken van enige kanker of infeksie of lewe in die “ding” nie. Want God het genade gehad, gebede verhoor ek het aanhou bely deur Jesus Christus se wonde is Andrea volkome genees. Daar is krag, lewe, genesing, beskerming, verlossing en wonderwerke in die Bloed van Jesus Christus. Baie liefde aan julle alma en oorvloedige seën van God aan julle.

Mev J Coetzee, Sunnyside (Oktober 2010)

Dr James, baie dankie dat u vir my gebid het verlede jaar in Desember. Ek moes gaan vir ‘n klisma as extrale en na alles verby was het ek so ‘n brand gehad in my ingewande, dit was so erg dat ek gehuil het van brand, en ek het na u geskakel en ‘n dametjie het geantwoord, ek het haar gevra om vir dokter te vra om vir my te bid. Ek het gelê en kreun van die brand, en dit was nie tien minute nie, en daar was die vreeslike brand weg en toe sê ek net, baie dankie Here Jesus, dat u vir my so genees. Wat ‘n wonderlike Jesus het ons, ja hy lewe. Ek is so lief vir ons Jesus. Toe het dokter tog vir my gebid, baie, baie dankie!

Mev M Fredericks, Windhoek (September 2010)

Liewe Dr James, Meg en al die wonderlike lede van die sentrum. Baie dankie vir julle wonderlike werk, voorbidding en vriendelikheid as ons altyd bel. Ek het verlede jaar voorbidding gevra om swanger te raak en daarna vir ons babatjie waarmee daar ‘n probleem was.

Nadat julle vir hom gebid het was daar geen teken van ‘n defek op die sonar of bloedtoetse nie. Toe hy gebore is was hy so normaal en pragtig. My keiser het baie goed afgeloop, ek was so bang, maar toe ek eers in die teater was, het ek so kalm geword, en ek het net geweet die Here is daar om my hand vas te hou. Ek wil net baie dankie sê vir so wonderlike Hemelse Vader wat ons het, en dalk julle dit moontlik maak om vir ons te bid. Mag die Here julle baie seën. Groete

Jacomine, Strand (Augustus 2010)



uit **Dr James** se kantoor

Familie in Jesus,

Ek staan verstom hoe vinnig die tyd vlieg! Desember is alreeds hier en hiervandaan neem die snelheid van die tyd toe soos ons die einde van 2010 nader. Ek kom meer en meer tot die besef met elke jaar wat verby gaan, hoe kosbaar tyd is. Miskien is dit as gevolg van my ouderdom (Ek sal hierdie maand 81 jaar oud wees – as dit God se wil is), dat ek die geweldige dringendheid voel om die kosbare tyd uit te koop! God verwys na die kosbaarheid van tyd en die uitkoop van tyd in Sy Woord, en dit is belangrik om daarop te let dat drie van hierdie skrifte betrekking het op ons persoonlike gedrag en ons besorgdheid vir ander.

In Romeine hoofstuk 13, word ons vermaan om "uit die slaap wakker te word", want die nag het vêr gevorder, met betrekking tot die liefde vir ons naaste.

Rom. 13:10-13: Die Liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die liefde die vervulling van die wet. En dit te meer, omdat ons die tydsomstandighede ken, dat die uur vir ons reeds daar is om uit die slaap wakker te word; want die saligheid is nou nader by ons as toe ons gelowig geword het. Die nag het ver gevorder en dit is amper dag. Laat ons dan die werke van die duisternis aflê en die wapens van die lig aangord. Laat ons welvoeglik wandel soos in die dag, nie in brassery en dronkenskap, nie in ontug en ongebondenheid, nie in twis en nydigheid nie.

In Efesiërs hoofstuk 5, word ons aangespoor om die tyd uit te koop deur versigtig te wandel, en aandag te gee aan die manier waarop ons ons lewens leef.

Ef. 5:14-17: Daarom sê Hy: Ontwaak, jy wat slaap, en staan op uit die dode, en Christus sal oor jou skyn. Pas dan op dat julle nougeset wandel, nie as onwyse nie, maar as wyse; en koop die tyd uit, omdat die dae boos is. Daarom moet julle nie onverstandig wees nie, maar verstaan wat die wil van die Here is.

In Kolossense hoofstuk 4, word ons uitgedaag om die tyd uit te koop deur die Evangelie van Christus te versprei, en dit bekend te maak aan die ongereddes.

Kol. 4:2-6: Volhard in die gebed en waak daarin met danksegging; en bid tegelykertyd ook vir ons, dat God vir ons die deur van die woord mag open om te spreek van die verborgenheid van Christus, waarvoor ek ook in boeie is, dat ek dit openbaar kan maak soos ek dit behoort te spreek. Wandel in wysheid teenoor die wat buite is, en koop die tyd uit. Laat julle woord altyd aangenaam wees, met sout besprinkel, sodat julle kan weet hoe julle iedereen moet antwoord.

Ek bemoedig elkeen van ons dus, ongeag ons ouderdom, om te fokus op hoe kort ons tyd hier op aarde is, en hoe ons dit moet bestee volgens die wysheid van God se Woord! Laat ons voor die begin van 2011 voorraad van onsself opneem.

Die eksamens is verby en ons vertrou dat die uitslae bo alle verwagtinge sal wees want ons het ernstig vir al die skoliere en studente gebid.

Ons loof die Here vir die wonderlike tyd van rus en vakansie wat vir almal voorlê en ons bid vir die Here se beskerming en dat elkeen tydens hierdie vakansie tyd geseënd sal wees.

Ons wil vir julle baie dankie sê vir jul liefde, gebede en ondersteuning gedurende 2010, want julle is deel van die span, en ons kon letterlik tonne Christelike lektuur in hierdie land stuur, en buite die grense, en ons het wonderlike getuienisse ontvang van hoe hierdie Woord lewens van kosbare mense verander het, baie wat die Here Jesus as hul Persoonlike Verlosser ontvang het deur dit, en ander wat wonderbaarlik genees is. Alle lof en eer aan ons Here en Jesus Christus ons verlosser. Ons weet dat die Here julle oorvloedig sal seën vir die saad wat julle vir Sy werk by die Stanger Christelike Sentrum gesaai het, en ons gebed is dat Hy al die begeertes van jul harte in die komende jaar 2011 sal gee!

Met baie liefde en dankbaarheid

Dr James

Spesiale Woord van Dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word. Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

THE VICTORY IN CHOOSING LIFE

I call heaven and earth to record this day against you, *that* I have set before you life and death, blessing and cursing: therefore choose life, that both thou and thy seed may live: That thou mayest love the LORD thy God, *and* that thou mayest obey his voice, and that thou mayest cleave unto him: for he *is* thy life, and the length of thy days……. Deut. 30:19-20

The Lord has created us with a free will. This means that we have the ability to choose, to make choices. No other part of His creation has been given this precious gift, however with it comes the responsibility for the choices we make! The Lord will not make our choices for us and the devil cannot override our free will.

I remember clearly what happened at a healing meeting we had in Kempton Park some years ago. Concerned relatives had brought a woman for prayer. She stood in line with many other people as I proceeded to lay hands on the sick. She had come from a mental institution and you could see that she was totally dependent on the two male nurses supporting her. She was like a total vegetable. In the Name of Jesus I took authority over the enemy's work in her life and over the bondages that were holding her captive, according to Mark 16, and prayed for her deliverance. Then I spoke directly to her saying: "The Lord has given you a will of your own. You can choose to allow the devil to keep you in this state – however, his works have been bound in your life and you are now "free", according to the Lord's Word and promises. You have the choice to rise up from within and resist the devil's lies and get your will in line with the Lord's Will for your life, or you can choose to allow Satan to keep you in this miserable state." I accepted that she could hear me and after a moment or two she immerged a totally new person as she had made her decision to choose life and not death. The enemy could no longer hold her. The Lord's power working through me, broke the yoke of the oppressor in the Name of Jesus, and together with HER WILL TO CHOOSE His deliverance for her, brought victory in her life. The enemy could no longer hold her. The two men present, stood with open mouths as she came forth – out of the "grave", so to speak, in newness of life! She was completely normal and in control of herself. She had decided with her own will (which she alone controlled), to resist the tormentor and accept the Word and Will of the Lord, and the result was dramatic and miraculous, resulting in Life and Life more abundant!

Andrew Murray says: The Will of the Lord is the living power to which the creation owes its existence. It is what it is through that Will, and according to that Will.

The creation is the expression, manifestation, and embodiment of the Lord's Will in its wisdom, power, and goodness. The beauty and glory of His creation exists only because He Willed it. His Will formed the world and upholds it every day. Creation is doing what it was destined to do, for it show forth His glory **."They gave glory to Him that liveth forever and ever, saying: "Thou art worthy to receive glory, for Thou has created all things, and because of Thy Will they are, and were created."** The Lord's divine Will created a creature with a will, man, with a will as He has. Man has the living power to know and accept and co-operate with that Will to which he owes his being. Unfallen angels count it their highest honour and happiness to be able to will and do exactly what their Maker Wills and does. The glory of heaven is that the Lord's Will is done there. The sin and misery of fallen angels and men consists because they have turned away from, and refused to stay and do, the Will of the Lord according to His Word.

His Word is His Will. Redemption is simply the restoration of His Will to its right place in the world. For this reason Jesus Christ came into the world and demonstrated in human life how man has only one thing to live for – doing His

(Continued on page 8)

(Continued from page 7 - The Victory in choosing life……)

Will. He showed us how there was one way to conquer self-will – by a death to it, in obeying the Lord's Will even unto death. He atoned for our rebellious self-will and conquered it for us, opening a path through death and resurrection into life devoted to His Will .

Jesus is the example of the Lord's will in action, and He gave us the example of what it means to be delighting in His Will. If you want to see the Lord's Will in action, look at the Ministry of Jesus. In Acts 10:38 we read: **How God anointed Jesus of Nazareth with the Holy Spirit and with power, who went about doing good and healing all who were oppressed by the devil, for God was with Him.** We freely CHOOSE to allow Him to do the work in us.

"He makes us perfect in every good thing to do His Will, working in us that which is pleasing in His sight." As this is revealed to us through His Word, and we receive it and believe it, we begin to get an insight into the prayer. **"Thy will be done on earth as it is in heaven."** In heaven there is no sickness, sadness, poverty or grief. This should be our desire too.

Many, many believers have no idea of what their faith or their feeling should be in relation to the Will of the Lord. Not many people say, "*My whole desire is to be in complete harmony with the Will of the Lord; I don't want to do anything other than His Will for me. By His grace I want every hour of my life to be lived in His Will, doing it as it is done in heaven. "T*his should be our desire and a choice we make. When faith in His Will is within us, then we will have the courage to believe in the answer to the prayer Jesus taught us. We must understand that only through a closeness with Him can this take place. We must realize too, that we must do our part in constantly bringing our will on earth into line with His Divine plan and purposes. When we have a vision for this, and realize our obligation, and our hearts desire is truly that His Will may be done in us, and by us, as it is in heaven, then through faith we will overcome the enemy, the flesh, and the world's temptations.

Only through His Word , can His Will truly be known in its fullness and its application be made to our daily life, giving us ever growing revelation of His plan for us individually.

The Lord desires that we would become one with Him through having an unwavering vision for doing His Will. If we persevere to be obedient to His Word in every respect, we will share in all the benefits of His promises. In other words, the Lord says in essence " that if you do what I ask of you, I will do what I promised I would do". If we truly worship Him, our prayer would be, "I delight to do thy Will O Lord." It is in our quiet time that we learn to know His Will and surrender ourselves joyfully to it according to His Word. This is not achieved by becoming passive and having a blank mind, but by being active in faith, expecting Him to show us His Will for us with each new day. He has given us the precious gift of choice, the precious gift of a free will …. Let us choose LIFE, which is His Will for us. ☐

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

Nuutste Boeke

70 – Are You Ready? – R16.00
71 – Is Jy Gereed? – R16.00

Mosterdsaad Boeke R8.00 elk

M72A - Die Mens se Wysheid is Dwaasheid met God
M72 - Man's Wisdom is Foolishness with God
M47 - What is the Name of our God?
M77 - Wat is die Naam van ons God?
M75 - What is Real Faith?
M73 - Divine Wisdom for Man
M73A – Goddelike wysheid vir die mens
M76 - Bybelse Geloof triomfeer altyd oor die vyand se aanvalle
M74 - Israel or Ishmael